

Woensdag 16 November

Skrifgedeelte: Matteus 24:23-31

Fokusgedeelte: Matteus 24:31

Christus kom en stuur engele om sy uitverkorenes te versamel

Christus se plan vir ons verlossing is allesomvattend. Geen faset van hierdie plan om verlore sondaars wat wegloop van hulle hemelse Vader, weer by hulle Vader terug te kry, kan aan hulleself oorgelaat word nie. Om hierdie plan volledig tot uitvoer te bring, word selfs die engele gebruik.

Engele het Jesus se eerste koms met sy geboorte uit die maagd Maria aangekondig (Luk. 2:13). Engele kondig sy opstanding uit die dood aan (Luk. 24:4). By Jesus se hemelvaart het engele die dissipels herinner aan sy wederkoms (Hand. 1:10-11). Met sy wederkoms sal ook engele God se kinders wêreldwyd versamel.

Ja, Jesus Christus kom. Hy is die Lig van die wêreld, die Son van geregtigheid. As Hy kom, het ons die son en maan nie meer nodig nie. Die wêreldhorlosie gaan staan as't ware stil, want die son en maan en sterre hou op skyn. Hy kom in volle heerlijkheid.

Intussen leef ons met baie onsekerhede in 'n wêreld wat nie beter gaan word nie. Ons beleef reeds swaar dinge om te verwerk. Dit gaan nog swaarder word tot met die groot verdrukking "soos daar van die begin van die wêreld af nie was nie en ook nooit sal wees nie" (Matt. 24:21).

Te midde van al die onsekerhede waarmee ons leef, is dit die troosvolle sekerheid wat die toekoms vir ons inhou. Jesus kom en bring sy engele saam om elkeen van sy kinders oor die hele wêreld by Hom te versamel, sodat ons ook kan wees waar Hy is.

Die Christengelowige mag dus nooit moedeloos word nie, al word dinge om jou verskriklik moeilik. Ons Verlosser en Koning is oppad. Hy kom verseker, niks kan Hom terughou nie en niks sal ons as gelowiges van Hom weghou nie, daarvoor sal sy engele sorg.

Sing: Skrifberyming 52 (11-2):1, 4

Ds. SA Cilliers (Sarel) (emeritus)